

“Kry ‘n tweede kans met sojabone,” sê wêreldrekordhouer

RUTH SCHULTZ, SA Graan/Grain medewerker

Al is mnr Kip Cullers, wat met 1 620 ha mielies en 243 ha sojabone in sewe van die suid-westelike distrikte van Missouri in die VSA boer, in 2010 as die nuwe wêreldrekordhouer vir sojaboonproduksie (10,8 ton/ha besproeiing) aangewys, is sojabone nie sy gunsteling gewas nie.

Cullers was een van die sprekers by vanjaar se sojawisselboudinamika-inligtingsdae, wat vanaf 3 tot 7 Februarie onderskeidelik op Brits, Delmas, Ermelo, Bergville en Bethlehem gehou is. ‘n Rekord-aantal produsente, 1 600 in totaal, het dié vyf dae wat deur DuPont Pioneer, BASF en John Deere aangebied is, bygewoon.

“Sojabone is ‘n vervelige en maklike gewas en dit vergewe ook maklik. Moenie opgee op sojabone nie, want dit sal vir jou ‘n tweede kans gee as iets fout gaan. Sojabone word vir ses weke ‘gebore’. Jy het dus ses weke om jou foute op sojabone reg te maak, terwyl jy met mielies net ‘n week het,” het Cullers aan produsente tydens die Delmas-inligtingsdag gesê.

Met dié dat die prys- en kapasiteitsneller plaaslik in die sojaboonbedryf afgegaan het, is produsente juis honger vir inligting om hul opbrengste te verhoog. Cullers sê dat hy nie ‘n algemene wenresep het vir sy hoë sojaboonopbrengste nie. “Wat vir my boerdery in Amerika werk, sal nie noodwendig in jou omgewing werk nie, maar neem vandag iets huis toe en gaan pas dit in jou boerdery toe.”

Sommige mense meen dat indien jy stikstof op sojabone toedien, die plant nie nodules sal vorm nie – Cullers sê dit is onwaar. “Ek het ‘n eksperiment gedoen waar ek 1 000 kg stikstof per hektaar toegedien het en die sojabone het nodules gevorm. Sojabone het die vermoë om genoeg stikstof te vervaardig tot op 100 boesel/acre (6,5 ton/ha). Wanneer jy meer as dit afhaal, moet jy self stikstof toedien. Sojabone is ‘n ondoeltreffende verbruiker van stikstof. Jy het 6 kg stikstof nodig om ‘n sak sojabone te produseer,” verduidelik hy.

Cullers sê dat wanneer jy lig op jou grond sien, dit vermorste energie is. “Alhoewel jy nie die son kan beheer nie, kan jy jou plantpopulasie beheer. Verhoog jou plantpopulasie om te sorg dat fotosintese 100% plaasvind.”

Nog ‘n wenk wat Cullers vir produsente gegee het, is dat die opkoms van sojabone so uniform en so vinnig as moontlik moet geskied. “Ek wil al my saad binne ‘n 24-uur venster laat opkom, want enigiets wat opkom ná 72 uur is niks meer as onkruid op die land

nie. Saadbehandeling speel ‘n groot rol tot die uniforme en vinnige opkoms van saad.”

Mnr David Hula, van Renwood Farms, Charles City in Virginia, het die wêreldrekord vir die hoogste mielieopbrengs van 27,5 ton/ha onder besproeiing in die Nasionale Mieliekeokersvereniging (NCGA) se Mielieopbrengskompisie behaal. Hula het in die afgelope tien jaar vier keer die hoogste nasionale opbrengs in die NCGA Mielieopbrengskompisie behaal.

Ongeveer 2 000 akkers van sy boerdery is vanjaar aan mielies toegewys, besproeiing sowel as droëland. Sedert die 1980’s word geenbewerking (of soos Hula dit noem, nooitbewerking) op hul plaas toegepas. Hierdie praktyk het ‘n hoër opbrengs met laer produksiekoste tot gevolg.

Volgens Hula is die uniforme en vinnige opkoms van mielies, net soos sojabone, baie belangrik. “Dit is belangrik dat die saad wat jy geplant het alles binne ‘n vensterperiode van twaalf uur sal opkom. As jy dit kan regkry dat dit binne vier tot ses ure van mekaar opkom, sal al die koppe op dieselfde hoogte wees, wat selfs nog beter is as die twaalfuur-periode,” het hy verduidelik.

Hula beklemtoon die kritieke belangrikheid van die V5- en V6-groeifase van die mielieplant. “Gedurende dié fase moet jy seker maak dat die plant genoeg kunsmis kry. In ons boerdery dien ons 15% kunsmis toe gedurende planttyd, 45% kunsmis gedurende die V6-fase en die res van die kunsmis word later toegedien.”

- ▲ 1: Alhoewel Kip Cullers (links) nie ‘n algemene wenresep het vir Suid-Afrikaanse produsente om hul soja- en mielieopbrengste te verhoog nie, meen David Hula (regs) dat jou selfoon tog sal bydra tot hoër opbrengste. “Gebruik jou selfoon. Bly in kontak met mense wat oopkop is. Ek weet nie alles oor mielieverbouing nie, maar ek omring myself met mense wat meer weet as ek – of dit nou Pioneer personeel is, landboukundiges of personeel by die universiteit.”
- ▲ 2: Du Pont Pioneer se span op Delmas. Voor van links is: Rikus Schoeman (bemarkingsbestuurder) en Heinz Oellermann (verkoopsbestuurder). Agter van links is: Puna Maree (streeksbestuurder: Gauteng/Mpumalanga), Sakkie Koster (landboukundige: Mpumalanga) en Cornel Smit (vertegenwoordiger: Delmas/Bronkhorstspuit).
- ▲ 3: Bresler Wilmans (huurkope bestuurder: Unigrow), Gerhard Rossouw van Endicott, Neels Ferreira (voormalige voorsitter: Graan SA), Manny da Costa (voormalige Graan SA-hoofbestuurslid) en Vic Mouton (voormalige Graan SA-hoofbestuurslid) tydens Delmas se sojawisselboudinamika-inligtingsdag. ■

